**Ek gaan om vir julle plek voor te berei**

**Joh 14:1-3**

**26 Oktober 2025**

1. Vantevore: Tydens die gesprek in die bovertrek het die Here Jesus reeds die dissipels se voete gewas, Judas as verraaier aangewys, aangedui dat Petrus Hom sal verloën voor die haan kraai, aangedui dat Hy weggaan en dat hulle Hom nie nou kan volg nie
2. Joh 14:1: Die Here Jesus moedig die dissipels aan om te volhard in geloof in Hom en God
3. Joh 14:2-3: Die Here Jesus bemoedig die dissipels met 'n belofte van hoop:
4. Die inhoud van die belofte (Joh 14:2-3)
    a. In Sy Vader se huis is daar baie wonings
    b. Wanneer Hy weggaan is dit met die doel om vir hulle plek voor te berei in Sy Vader se huis
    c. Sy weggaan is tydelik – Hy sal terugkom na hulle toe wanneer Sy voorbereidingswerk klaar is
    d. Wanneer Hy terugkom, sal Hy hulle na Hom toe neem – sekerlik na Sy Vader se huis
5. Die betekenis van die belofte (Joh 14:2-3)
    a. Waar is Sy Vader se huis? In die hemel – Hy vaar op hemel toe, sit aan God se regterhand (Hand 1:9-11, Rom 8:34)
    b. Is die Vaderhuis werklik in die hemel?
        i. Is die hemel nog in aanbou? (Gen 1:1, 2:2)
        ii. Joh 2:16,19,21 – Is die Vader se huis die tempel in Jerusalem? Of is dit Sy liggaam?
        iii. Op 1:13, 16, 20 – Is die Here Jesus dan nie op aarde tussen die gemeentes nie?
        iv. Op 5:1,6,7 – Is die Here Jesus in die hemel of tussen die gemeentes?
        v. 2 Kor 5:1 – As gelowiges sterf ontvang hulle 'n gebou in die hemel vir ewig...
        vi. Jes 65:17-19, Rom 8:20-21, Op 21:2-3 – en tog kom daar 'n nuwe aarde waar die gelowiges gaan woon
    c. Drie vrae om oor te besin:
        i. Waar is die Here Jesus gedurende die tyd wat Hy weg is?
        ii. Waar is die huis van die Vader waar die Here Jesus plek voorberei?
        iii. Wat behels die voorbereidingswerk waarmee Hy besig is terwyl Hy weg is?
    d. Ontknoping:
        i. Op 21:3 – Met die Here Jesus se wederkoms kom God by die mense woon
        ii. Op 21:2 – Met die wederkoms daal die dissipels/gelowiges uit die hemel na die aarde neer as die nuwe Jerusalem
        iii. 1 Tes 4:16-17 – Met die wederkoms neem die Here Jesus al die gelowiges na Hom toe, en dan daal hulle na die aarde neer, en God woon by hulle (Op 21:2-3)
        iv. Jes 66:1-2 – As die hemel God se woonplek is, beteken dit na die wederkoms is die hemel nou ook op aarde – noodsaak aan tempel verdwyn (Op 21:22)
        v. In OT was Vader se huis die tabernakel/tempel, in NT is Jesus die ware tempel: Hy is die hoeksteen, apostels/profete die fondament, gelowiges die stene (Ef 2:20-22) – God woon in hulle deur Sy Heilige Gees – hulle is dus die Vader se huis
        vi. 2 Kor 5:1 se ewige gebou is die stene van die Ef 2 tempel wat klaar voorberei is, maar daar is steeds stene wat ontbreek. As al die stene teenwoordig is, is dit die Nuwe Jerusalem van Op 21 – waar God kom woon
6. Opsomming
    a. Waar is die Here Jesus nou dat Hy weg is? In die hemel, ook in die gemeentes deur Sy Gees
    b. Waar is die huis van die Vader nou dat Hy weg is? Deels die ewige gebou in die hemel van 2 Kor 5, deels die gelowiges op aarde. Met Sy wederkoms is dit die voltooide nuwe Jerusalem
    c. Wat behels die voorbereidingswerk waarmee die Here Jesus besig is nou dat Hy weg is? Sy verheerliking: kruisiging, opstanding, hemelvaart, gesagsposisie aan God se regterhand, stuur van Heilige Gees, oopmaak van die sewe seëls, oordeel, herskepping en bring die Nuwe Jerusalem na die nuwe aarde